

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: "Bewaar hulle . . ." Ons keuses en uitkomst

Skriflesing: Psalm 1 en Johannes 17:9-16

Broodjies vir die pad

"The key to good decision making is not knowledge. It is understanding. We are swimming in the former. We are desperately lacking in the latter."

— Malcolm Gladwell, Blink: The Power of Thinking Without Thinking

"We are not called by God to do extraordinary things, but to do ordinary things with extraordinary love."

— Jean Vanier

"We human beings are all fundamentally the same. We all belong to a common, broken humanity. We all have wounded, vulnerable hearts. Each one of us needs to feel appreciated and understood; we all need help."

— Jean Vanier, Becoming Human

"We need to look at the subtle, the hidden, and the unspoken."

— Malcolm Gladwell

'n Suburbsong of dalk stadslid

*ek sien al drie die Jo'burg-torings van ons balkon –
waarvandaan sal stilte en asem en ruimte en tyd kom?*

Dit kom van God

wat kwantum en kwartels uitgedink het.

Hy sal nie toelaat dat kommer oorneem en lag verdwyn nie.

God speel nie wegkruipertjie nie.

Hy hou jou vas.

Die Een wat al die stories in alle tale ken, sal jou nooit los nie.

Hy beskerm jou teen twyfel.

Hy laat jou trots en ego verdwyn.

Hy sal jou altyd help, of jy dit weet of nie.

van nou af en vir altyd.

Roela Hattingh

"Youth is happy because it has the capacity to see beauty. Anyone who keeps the ability to see beauty never grows old."

— Franz Kafka

"The people who stand before kings may look like they did it all by themselves. But in fact they are invariably the beneficiaries of hidden advantages and extraordinary opportunities and cultural legacies that allow them to learn and work hard and make sense of the world in ways others cannot. It makes a difference where and when we grew up. The culture we belong to and the legacies passed down by our forebears shape the patterns of our achievements in

ways we cannot begin to imagine. It's not enough to ask what successful people are like, in other words. It is only by asking where they are from that we can unravel the logic behind who succeeds and who doesn't."

— Malcolm Gladwell, Outliers: The Story of Success

"We must never fear robbers or murderers. They are dangers from outside, small dangers. It is ourselves we have to fear. Prejudice is the real robber, vice the real murderer. Why should we be troubled by a threat to our person or our pocket? What we have to beware of is the threat to our souls'."

— Victor Hugo, Les Misérables

"If you want to identify me, ask me not where I live, or what I like to eat, or how I comb my hair, but ask me what I am living for, in detail, ask me what I think is keeping me from living fully for the thing I want to live for."

— Thomas Merton

"Keep love in your heart. A life without it is like a sunless garden when the flowers are dead. The consciousness of loving and being loved brings a warmth and a richness to life that nothing else can bring."

— Oscar Wilde

"I like the scientific spirit—the holding off, the being sure but not too sure, the willingness to surrender ideas when the evidence is against them: this is ultimately fine—it always keeps the way beyond open—always gives life, thought, affection, the whole man, a chance to try over again after a mistake—after a wrong guess."

— Walt Whitman, Walt Whitman's Camden Conversations

"The task of the theologian is to explain everything through God, and to explain God as unexplainable."

— Karl Rahner

"When we are at our wits' end for an answer, then the Holy Spirit can give us an answer. But how can He give us an answer when we are still well supplied with all sorts of answers of our own?"

— Karl Barth

"Learning to live with ambiguity is learning to live with how life really is, full of complexities and strange surprises..:"

— James Hollis, What Matters Most: Living a More

Considered Life

"To be commanded to love God at all, let alone in the wilderness, is like being commanded to be well when we are sick, to sing for joy when we are dying of thirst, to run when our legs are broken. But this is the first and great commandment nonetheless. Even in the wilderness - especially in the wilderness - you shall love him."

— Frederick Buechner, A Room Called Remember:

Uncollected Pieces

"Everyone who has to contend with unbelief should be advised that he ought not to take his own unbelief too seriously."

— Karl Barth, Dogmatics in Outline

Juweel in plaaslike kroon van rolprente

Leon van Nierop

Barakat met Vinette Ebrahim en Quanita Adams.

Regisseur: Amy Jephta

**** In teaters van 13 Mei. Beperking 13.

Hierdie meevoerende, menslike smarag van 'n komedie is, naas My Octopus Teacher, die verrassing van die jaar. Dit gaan oor 'n disfunkionele Moslem-gesin met 'n stewige matriarg, briljant gespeel deur Vinette Ebrahim, aan die hoof. Sy wil weer trou twee jaar ná haar geliefde man se dood.

Hoekom mag ouer vroue nie ook 'n tweede kans kry nie?

Die probleem is haar uitgebreide gesin (sommige baklei oor niks!), en in die Moslem-geloof glo sy dat sy hulle almal se toestemming nodig het vir die troue. Hierdie tragikomedie ontgin hoe elk van die doodgewone slenterstap-mense reageer en die klein katastrofes wat hul lewens befonkfaai.

Benewens die uitmuntende draaiboek deur Amy Jephta en Ephraim Gordon, getemperde regie deur Jephta en uitstekende spel van almal (veral die uitsonderlike Quanita Adams, waar elke sproet 'n meesterstuk is!), is dit die kinematografie van Ebrahim Hajee en natuurlike, funksionele stelinkleding wat van Barakat een van die beste komedies van die jaar maak.

Daar is geen dwelms nie, geen clichés, geen poeperige windjies nie. Daar is weinig swetswoorde en geen komminge nie. Jy kuier saam met herkenbare, normale mense wat net probeer om 'n struikelblok uit hul pad vol tradisies te kry.

Die nuuskierige kamera, wat die kyker verteenwoordig en elke voorwerp terloops vasvang, is die eintlike ster. En die soms woordelose komedie! Dit dien as voorbeeld vir die platvloerse plaaslike komedies waarmee ons dikwels opgeskep sit. Snaaks hoef nie noodwendig kommin te wees nie, "al hou die mense daarvan".

'n Voorbeeld is die toneel waar 'n paartjie in die bed lê. Voordat Mammie inkom, skop Ra-eesah (Adams) haar man uit die bed sodat hy op die vloer moet slaap. Wanneer Mammie klop om te hoor hoe dit gaan, woerts hy terug in die bed met sy arm om Ra-eesah. In hierdie kosbare toneel sien ons hoe lief die twee mekaar eintlik het voordat die deur toegaan en hy weer op die vloer beland. Dit is in hierdie noukeurig-geregisseerde, respekvolle tonele, sonder om vulgêr snaaks te probeer wees of gesigte te trek, waarin die rolprent se sterkpunte lê.

Nog 'n hoogtepunt is die warmhartige Boeta Maan (wat 'n natuurlike vertolkings!) wat die twee broers agterin sy bakkie vol hoenders prop. Ons beweeg terug na die Jamie Uys-era toe twee klipgesig-karakters tussen pluimvee sit en nie beseft hoe potsierlik hulle eintlik is nie. Die hoender op 'n bra se kop is weergaloos snaaks, want die regisseur neem net waar sonder om gedwonge en neerbuigend te interpreteer.

Die komposisie van voorwerpe/mense op die skerm, (soos wanneer die dokter, wat met Mammie wil trou, en die ma hul toekoms op die stoep bespreek), is 'n voorbeeld van ongedwonge, terloopse regie waar die karakters en die storie belangrik is, nie die lagbuie uit die gehoor nie. Die gehoor grinnik dus nie vir die mense nie, maar deerniswekkend saam met hulle.

As jy keelvol is van platvloerse komedie waar die karakters en die toilet papier-dun storiëtte altyd dieselfde kleinhuisie-pad volg, verlustig jou in hierdie mens-mense wat maar net wil hê Mammie moet gelukkig wees. En hoe durf iemand anders, selfs 'n geleerde dokter, hul pa se plek inneem?

Vergelyk ook die natuurlike gesprek rondom Pa se graf, die ongedwonge dialoog, in tipiese Afrikaaps (dus eg Kaaps), die respek wat die karakters, ten spyte van verskille, vir mekaar het, en die netjiese huis waarin gelêëf word, en nie as 'n filmstel opgetert is nie, en jy het 'n wenner.

Barakat beteken seëninge waar mense 'n diep respek vir mekaar het. Hoe bevoorreg is die groep dat daar geen smokkelary of geldwassery is nie. Net volwaardige mense wat mekaar liefhet en hul famieliebende respekteer.

Die spesery-toneel verteenwoordig eintlik die hoeveelheid kulture en geite wat almal onder een dak saamgevoeg word. Maar verwys ook na die ander barakat, wat in die volksmond

beteken oorskietkos wat saamgevoeg word en huis toe geneem word. Dit is tradisie, en hierdie karakters is nie noodwendig oorskietkos nie, maar 'n jolige mengsel van talle mense wat net van geweet wil wees. En saam vorm hulle die uitspattigste rolprentdis van die jaar.

Barakat is 'n juweel wat skitter in sy menslikheid. Wat 'n belewenis!

<https://www.netwerk24.com/Vermaak/Flieks/fliekvlooi-juweel-in-plaaslike-kroon-van-rolprente-20210509>

Brood vir die pad

Poësie in Bybel raak verlore in dié vertalings

Wilhelm Jordaan

Vertalers weet goed vertaling is geen maklike taak nie. Die uitdrukking "lost in translation" word gereeld gehoor en net dan en wan is daar sprake van "gained in translation."

Vertalings help ons met begrip van ander mense, hul tale en kulture. Dink wat het ons gewen met Antjie Krog en andere se vertalings van inheemse verse in werke soos Met woorde soos met kerse en die sterre sê 'tsau'.

Bybelvertalings is 'n mynveld, veral as verduidelikende vertalings eerder as direkte vertalings gebruik word, wat dan die krag van simboliek en poësie in Bybeltekste ondermyn. Soos dit gebeur het in Kolossense 4:6, wat in 'n 1983-vertaling lui: "Wat julle sê, moet altyd vriendelik wees en van goeie smaak getuig; en julle moet weet hoe julle elkeen behoort te antwoord."

Gans en al verlore is die simboliek in 'n ouer vertaling in 1963: "Laat julle woorde altyd aangenaam wees, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord." Die simboliek van "sout" word versluier deur 'n verduideliking ("goeie smaak") wat op sigself niksseggend vaag is. Die "evangelie" van sout het as't ware verdwyn, smaak verloor.

Gelukkig word soms teruggekeer na direkte vertalings met simboliese en poëtiese wins. In 2020 se vertaling is die soutbesprinkeling terug: "Julle woorde moet altyd van goeie smaak getuig, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe om 'n ieder en 'n elk te antwoord."

Sout is die wêreld se oudste preserveermiddel.

Dit is van die aarde; dit bewaar, gee geur en smaak, genees en is chemies gesproke 'n bestanddeel van baie medisyne. Só kan sout prakties en simbolies verstaan word as die essensie van lewe; die onbederfbare; die onomkoopbare.

Dit is iets kosbaars – soos liefde, medemenslikheid en wysheid wat soms net deur lyding verkry kan word en waar pyn suiwering bring. Juis weens dié betekenis was sout 'n belangrike offerande in die Hebreeuse wêreld – om 'n verbond te bevestig. Christus se Bergpredikasie verwys na sy volgelinge as "die sout van die aarde".

In die antieke Midde-Ooste was sout, naas 'n belangrike handelsproduk, 'n simbool van gasvryheid en vriendskap. Om jou sout (en brood) met iemand anders te deel, was 'n teken van ewigdurende vriendskaplike gemoedelikheid. In verduidelikende vertalings verdwyn dié rykdom van betekenis.

So gesien begryp mens die gewig van die opdrag om jou woorde met sout te besprinkel – dat dit 'n manier van praat is wat getuig van respek vir 'n ander; om noukeurig te let op jou taalgebruik; nie aanstoot te gee nie; en om hofflik met mense om te gaan, vriendelik, gasvry en ordentlik. En die nuwe vertaling beaam dit.

Geoordeel na hoe ons wedywerend en beledigend met mekaar praat, veral in die kerk, die huis, die skool, die sakewêreld en in die politiek, verstaan ons bloedweinig van sout op woorde sprinkel. Daarom het ons, in oormaat, die teendeel van sout – bitter én toenemende verbittering en bitterheid.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/poesie-in-bybel-raak-verlore-in-die-vertalings-20210511>

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877